# Makwe Mission Quionga Mozambique – Gebedsbrief 9/2019

**Webblad:** https://www.mission4x4.co.za/MakweMission



Jammer vir die lang brief, baie daarvan fotos, wat ons noodgedwonge in die gedrukte weergawe sal moet verminder. Daar het ook al weer aansienlik tyd verloop tussen die skryf van die brief en die uitstuur daarvan.

**Oktober skool nuus**

Die koordineerder van die stuurspan vir Geletterdheid het ons weer gevra om die ondersteuners van die projek namens hulle te besoek om terugvoer te gee. Ons sal dus binnekort kontak maak om beplande besoeke en datums te bespreek. Ons het van die ondersteuners gevra dat hulle mooi sal dink of die besoeke gedurende Februarie/Maart sal geleë wees en of hulle sal verkies dat dit op 'n ander tyd geskied, sê byvoorbeeld September/Oktober? Dit sal ons baie help met beplanning en ook vir Isaac, vanuit Milange se reis na Suid-Afrika. Dit is planttyd vir hulle gedurende die reëntyd en dan is hy nie tuis nie.

Die afhandeling van die onderwyser se huis het toe nie so flink gevorder soos ons gehoop het nie en was regtig frustrerend. Die meester wat die werk moes doen het op 'n stadium vir André gesê daar is nie so baie werk aan die huis nie. Korrek, maar jy moet net hier wees om die werk te doen! Hulle het die huis op die laaste dag van Oktober klaargemaak. Dus kon die onderwyseres nie die huurhuis verlaat voor die end van die maand nie. Die vloere in die nuwe huis moet eers goed droog raak voordat hulle kon intrek. Hulle heining agterom die huis moet ook nou gedoen word. Dit moes wag tot die bouers klaar is, want dit is van daardie kant af wat hulle gewerk het.

Die skool se span van 2 was baie flinker, tot op 'n punt. Die skool is nou amper klaar tot waar ons die jaar sal kan gaan. Die res moet klaargemaak word wanneer ons volgende jaar terugkom. Hulle sal die week die laaste stuk van die ringbalk (ringbeam) doen en dan 'n ry stene bo-op dit, die week daarna, en dan staan die gebou so tot volgende jaar.



4 September



7 September



17 September



As mens nie steierwerk het nie, moet jy maar improviseer.





Ysters vir die ringbalk moet self gemaak word.  As mens nie genoeg hande het nie, kan tone ook help!



24 Oktober - Planke vir die ringbalk word opgekap en die ysters word dan binne die boks gesit.

Ons wil graag ondersteuners uitdaag om betrokke te raak by die nuwe klas van volgende jaar. Ons sal nog tafels nodig hê wanneer die gebou voltooi is. Dit is vir die tweede klaskamer. Ons het gesien dat die groot tafels wat ons laat maak het nie heeltemal prakties is nie en wil vir die klas kleiner tafels laat maak. Ons sal tien tafels nodig hê en wil vra dat ondersteuners biddend daaraan sal dink om hierdie projek te borg. Ons het hierdie jaar 3000 mtn per tafel betaal en dit klink asof ons maar weer dieselfde bedrag kan begroot vir die effens kleiner tafels. Ongeveer R750 teen die huidige ruilkoers.

**November nuus**

Die onderwyser se huis is deur die genade uiteindelik klaar. Die deure is gehang en die vensters het sif voor gekry. Hulle kon die 10de November intrek. Die heining agter om is so rondom hulle klaargemaak.






Die bouwerk aan die skool is vir nou eers klaar. Die bouer het 12 en 13 November die laaste werk aan die twee rye stene bokant die ringbalk gedoen. Die gebou staan nou so tot ons terugkom volgende jaar en dan maak ons klaar. Ons hoop om voor die helfte van die jaar klaar te wees sodat ons met n tweede klas kinders kan begin. Dit sal dan die nuwe groep 4jariges wees.

14 November was die laaste dag van skool. Ons het die kinders laat maskers maak en hulle het dit baie geniet. Hulle is vroeër huis toe sodat elkeen se uniform gewas kan word vir die afsluiting Vrydag die 15de.








Die burgermeester, tradisionele leier, polisie kommandant, sekretaris van die vrouegroep en die gesondheidswerker is genooi vir die afsluiting en almal het opgedaag.  Verder is al die ouers ook genooi en amper al die ma's en twee pa's het opgedaag.







Op die foto van links na regs is die tradisionele leier, die sekretaris van die vroue organisasie, die burgermeester, polisie kommandant, André en agter, die onderwyseres se man en die gesondheids werker.










Hierdie groepie van vyf kinders is die wat volgende jaar graad 1 toe moet gaan.  Ons het by iemand liniale met potlode en uitveër in, persent gekry.  Dit was ongelukkig nie genoeg vir al die kinders nie en ons het toe besluit om dit te hou vir spesiale geleenthede.



Die burgermeester lewer sy toespraak en moedig ouers aan om hulle kinders skool toe te stuur.  Hy vat toe sommer ook 'n lang draai en waarsku hulle om nie hulle kinders vroeg te laat trou nie.  Hy noem van die wet wat aanvaar is, wat nou tronkstraf inhou as kinders voor 18 trou. Hy noem 'n voorbeeld van 'n man (leier in die gemeenskap) in Nampula wat 8 jaar tronkstraf gekry het omdat hy kinders onder 18 toegelaat het om te trou.







Na al die toesprake het ons middagete geëet. Ons het rys en boontjies, blaargroente en hoender gehad. Van die ma's het kom help met die kook en toe die ander kom en dit sien, wil hulle weet hoekom is hulle nie ook gevra om te help nie. Daar was 'n groot sjokolade koek wat toe ongelukkig nie die fotos gehaal het nie. Die kinders het elkeen ook 'n lekkergoed pakkie en koeldrank gekry. Die kinders het elkeen 'n plant huis toe geneem wat hulle self geplant het tydens een van die lesse. Hopelik sal die ouers dit plant.

**Hulp verlening**





Ons het julle vroëer vertel van die brille waarmee ons mense help. Hierdie oom het 'n ver-sien bril kom soek. Ons is deur die hele boks en hy het 5 gekies. Uit die 5 het hy uiteindelik 2 gekies wat perfek vir hom is. Hy is diep dankbaar daar weg.

**Hartseer**

Ons het julle op die Whatsapp groep laat weet van Zura se afsterwe. Sy en haar man, Antonio, was die eerste Makwe bekeerlinge vanuit Islam. Antonio het egter op 'n stadium besluit hy gaan terug na Isl@m toe, want die reëls oor sy sondes wat ontbloot is, was net te veel. Zura het nog steeds kerkdienste bygewoon, maar een Sondag het hy vir haar 'n briefie kerk toe gestuur dat sy moet wegkom daar of hy los haar. Sy het toe sekuriteit gekies bo God. Om terug te gaan na Isl@m en weer aanvaar te word is egter nie so maklik nie. Daar was verskeie goed waaraan hulle moes voldoen, maar hulle kon dit nie regkry nie. Deur die jare is daar verskeie gesprekke met haar gevoer, maar tot onlangs toe nog het sy volgehou dat sy as gevolg van haar familie nie weer die pad van die lig kan volg nie, want as sy sterf wie gaan haar begrawe?. Toe sy moet begrawe word, het die Mosl@m leiers geweier om dit te doen. Volgens al die stories wat loop, was hulle antwoord, gee haar vir André, sy is syne. Antonio se posisie en soos ons verstaan ook geld, het toe iemand wat familie is van haar, oorreed om haar as 'n Mosl@m te begrawe. Die dag na die begrafnis het die stories by ons begin aankom. Op die eiland het die boodskap blykbaar aangekom dat Andre by die graf Bybel gelees het en dat hy vir haar gebid het. Ons almal weet dat gebed by die graf vir haar te laat was. Daar was vreeslik baie mense by die begrafnis, een van twee wat daardie middag plaasgevind het, en die storie is dat almal kom kyk het hoe sy begrawe gaan word. Verder was daar ook 'n storie van 'n trok vol mense van Palma, waar sy in die hospitaal gesterf het, wat gekom het sodat hulle haar lyk kan opeis vir 'n Christen begrafnis. Nog 'n storie was dat die Tanzaniese sendeling in Palma geweier het dat die lyk na Quionga kom vir die begrafnis en dat hy haar in Palma wou begrawe. Indien sy dan voor haar sterwe tot inkeer gekom het daar, is dit nie die tyd of plek om onsmaaklikhede te skep nie. Dit maak mos seker nie saak hoe sy begrawe is nie, haar siel is nie meer daar nie, solank haar saak dan net reg was met God.

**Aanbouings**





Met die groot Koekoek haan het die saak van die hoenderhok se vergroting ernstige aandag geniet. Ons het die hok amper verdubbel, sodat daar genoeg loopplek is. As gevolg van die bobbejaan gevaar bly die hoenders op hok tot in die laatmiddag wanneer hulle uitgaan en na hartelus kan rondhardloop. Die hartseer nuus is egter dat die haan die oggend wat ons die hok klaargemaak het nie goed gelyk het nie, en ondanks medisyne, dit nie gemaak het nie. Nou is daar net henne in die hok, want ons het die ander hane wat daar was geslag toe hy gekom het.

**Waentjie/treiler**

Ons het in die vorige brief vertel van ons behoefte aan 'n waentjie. Ons het kwotasies gekry en 'n nuwe waentjie is eintlik buite ons bereik. Ons wil vra dat julle hierdie behoefte sal deel met vriende en familie. Dalk is daar iewers iemand wat 'n tweehandse waentjie wil verkoop.
As enigiemand weet van iemand wat 'n waentjie te koop het, sal ons dit waardeer om kontak te maak. Ons heg 'n foto aan van waarna ons soek. Maak asseblief kontak op +27 78 348 1914. (op Whatsapp en bel wanneer ons in Suid-Afrika is vanaf 13 Desember)



3 meter x 1,6 meter dubbelas wa

Bid asseblief saam vir die Christene wat ons nou agter gelaat het. Anabela wie 'n nuwe bekeerling is, dat sy sal vasstaan. Dat haar man saam met haar sal Bybel lees. Joandane het saam met ons tot in Nampula gery en hy gaan nou vir sy familie in Cuamba kuier. Vir sy vrou Tecla wat agter gebly het en nie gesond is nie. Vir hulle kinders en kleinkinders. Vir Simão en sy vrou Victoria, Serafina en haar

man Martins, dat hulle sal sterk staan en steeds aangaan met gesprekke met mense. Martins het na die onderwysershuis se bou, baie werk gekry om ander mense se huise te bou. Ons is bly vir die geleenthede wat hy nou het, maar dit het nou sy enigste fokus geraak. Bid saam dat hy ook waar hy werk 'n getuienis sal wees.

Hierdie is ons laaste skrywe vir hierdie jaar. Ons praat weer met julle aan die begin van volgende jaar. Ons wil graag elkeen van julle bedank vir julle ondersteuning en gebede gedurende hierdie jaar. Geniet die vakansie en vrede en vreugde vir elkeen gedurende die feesseisoen.

**Gebedsversoeke:**

- Vir alles wat nog nodig is om die skoolgebou klaar te maak.
- Vir volgehoue goeie gesindhede met die plaaslike en distriks regering.
- Vir die twee onderwysers wat saam met ander na 'n sessie gaan. Ons weet nie wat dit behels nie, want daar is redelik geheimsinnigheid daar rondom. Hulle is saam met die eerste sendeling op Quionga, wat ons so paar jaar terug wou uitwerk hier. Bid vir hulle vir 'n gees van onderskeiding.
- Bid dat die kinders nie alles sal vergeet wat hulle geleer het nie.
- Bid vir ons vir 'n veilige reis tot by ons eindbestemming, ook die gemeentebesoek wat ons op pad gaan doen.

**Danksegging:**

- Wees dankbaar saam met ons vir die verskil wat ons in die kinders kon sien gedurende die jaar.
- Wees dankbaar saam met ons vir ondersteuners van die geletterdheid projek wat dit moontlik maak vir die skool om bedryf te word.
- Wees dankbaar saam met ons vir mense wie vir ons bid.

In Christus

**André& Anna-Marie Thiart, Quionga, Mozambique**
Epos: *thiartaa@gmail.com*
Facebook: Makwe Mission - https://web.facebook.com/MakweMission/
Webblad: https://www.mission4x4.co.za/MakweMission

CelnrMoz: *+258 86 68 42 675*
*+258 84 228 9038*

Celnr SA: *+78 348 1914 + Whatsapp - André*
*+73 909 5288 +Whatsapp - Anna-Marie*

Ondersteuningsorganisasie: Mission 4X4.
Kontakpersoon: Hannes de Villiers (hannes@mission4x4.co.za) of addisioneel:-
Nick Olivier (serve@mission4x4.co.za)
Jaco van Vuuren (jaco@memoryinstitute.co.za)
Anthonie Welman (anthonie@elsabewelman.co.za)

Finansies: Elsabe Welman (emwelman@mweb.co.za)
Bank besonderhede: ThiartSendingpos, Absa Bank – 632005, 9068791513